10 Februarie 2023

DIE SENIOR DIREKTEUR: STUDENTESAKE
UNIVERSITEIT STELLENBOSCH
Per e-pos: choicemakhetha@sun.ac.za

DIE DIREKTEUR:
SENTRUM VIR STUDENTEGEMEENSKAPPE
UNIVERSITEIT STELLENBOSCH
Per e-pos: PWK@sun.ac.za

EENHEID VIR GELYKWAARDIGHEID
UNIVERSITEIT STELLENBOSCH
Per e-pos: unfair@sun.ac.za

Meneer / Mevrou,

NOG VOORVALLE VAN VERBOD OP AFRIKAANS IN US-LEEFRUIMTES EN INTIMIDASIE VAN AFRIKAANSE EERSTEEJAARSTUDENTE

1. Ons kantore is tussen 3 en 10 Februarie deur studente aan u universiteit ("US") genader oor voorvalle van verbod op Afrikaans by verskeie geleenthede tydens die US se verwelkomingsprogram vir eerstejaars. In geheel het 13 gegriefde studente vanuit drie verskillende koshuise na vore getree en vyf onderskeie insidente op die US-kampus aangemeld. Van die insidente het plaasgevind op die volgende geleenthede:

    - 3 Februarie 2023: 'n sosialiseringsbyeenkoms vir ISA Carstens Dameskoshuis ("ISA"), Huis Marais en Olympus PSO (daghuis)

    - 4 Februarie 2023: 'n VicMeyr-klusterskakel by Minerva Dameskoshuis

    - 4 Februarie 2023: instruksies aan eerstejaars van die ISA, te ISA

- 5 Februarie 2023: ‘n sosialiseringsbyeenkoms by Helderberg Manskoshuis

- 7 Februarie 2023: ‘n *Residence Education*-sessie deur die US aangebied, te ISA

2. Die gemelde insidente het onafhanklik van mekaar plaasgevind. Kenmerkend aan elke insident is gebiedende opdragte deur koshuisleiers en/of US-verteenwoordigers aan studente wat pas op kampus gearriveer het en in hul onderskeie koshuise ingetrek het, om nie Afrikaans in informele sosiale interaksies te gebruik nie.

3. In sommige gevalle is studente deur huiskomiteelede beveel om onder geen omstandighede Afrikaans te gebruik nie, selfs in een-tot-een interaksies tussen Afrikaansmoedertaalsprekers. Sommige insidente behels ernstige intimidasietaktieke en onprofessionele gedrag aan die kant van koshuisleiers. Ons kantore het regstreeks die klagtes by die onderskeie gegriefdes ontvang. Nie alle klagtes is al verwerk nie, en in sommige gevalle word studente nog aangemoedig om meer besonderhede te voorsien alvorens StudentePlein amptelik daaroor kan rapporteer.

DIE MEES ONLANGSE (2023) INSIDENTE

3 Februarie 2023: ‘n sosialiseringsbyeenkoms vir ISA, Huis Marais en Olympus PSO (daghuis)

4. ‘n Student wat anoniem wil bly uit vrees vir verdere intimidasie en boelietaktieke (“Student A”) rapporteer in ‘n griefskrywe (“die ISA-griefskrywe”) aan StudentePlein onderteken deur 10 ander mede-inwoners dat ISA as lid van die US se Validus-kluster op 3 Februarie 2023 ‘n sosiale Validus-klusterbyeenkoms waar eerstejaars van ISA, Huis Marais en Olympus PSO teenwoordig was, bygewoon het.

5. Hierdie geleentheid is egter “kortgeknip” na aanleiding van ‘n voorval waar ISA-inwoners met ‘n geselskap ander studente Afrikaans gepraat het. Die informele sosiale gesprek het klaarblyklik in die teenwoordigheid van nie-Afrikaanssprekers geskied, wat die leierskap van Olympus genoop het om “‘n saak teen ISA” te maak.

6. Hierdie insident is op teenswoordige datum steeds nie opgelos nie.

7. Ons is bewus daarvan dat ISA ‘n koshuis in privaatbesit is, maar ook dat ISA by die US geakkrediteer is en ten volle ingeskakel is by die US se verwelkomingsprogram en leierskapstrukture. Die US se Afdeling: Studentesake geniet jurisdiksie oor die vereistes en regulering van ISA se verwelkomingsprogram. Die ISA-verwelkomingsprogram is byvoorbeeld opsigself ‘n vereiste wat vir alle US-koshuise opgelê word en is opgestel ooreenkomstig die US se visie en waardes. Die program verbind die koshuis tot volledige deelname aan die US se verwelkomingsprogram waarby alle ander koshuise ingeskakel is.

3 Februarie 2023: ‘n VicMeyr-klusterskakel by Minerva Dameskoshuis

8. ‘n Eerstejaar manstudent in die US se VicMeyer-kluster, wat verkies om anoniem te bly (“Student B”), het ons kantore op 6 Februarie 2023 genader met inligting oor ‘n voorval by ‘n Kluster-skakel gehou op 4 Februarie by die Minerva Dameskoshuis. Student B was deel van ‘n geselskap van ‘n groep van sowat tien manstudente, waarvan elkeen se moedertaal Afrikaans is, en is deur die onder-Primaria van Minerva genader en aangesê om nie Afrikaans te praat nie “maar liewers ń taal wat almal insluit”.

9. Student B beskryf die gesindheid van die onder-Primaria tydens die gemelde voorval as "uiters geïrriteerd".

10. Dit is glad nie duidelik waarom die betrokke onder-Primaria 'n geselskap waarvan alle deelnemer Afrikaanshuistaalsprekers is sou vermaan om eerder Engels te praat nie.

4 Februarie 2023: instruksies aan eerstejaars van die ISA, te ISA

11. Op 4 Februarie 2023 in 'n onafhanklike insident, rapporteer die ISA-griefskrywe dat die primaria van ISA op 'n "aggressiewe wyse" eerstejaarstudente onderweg na 'n aktiwiteit op kampus gewaarsku het dat hulle slegs Engels moet praat.

    "*I don't care if your mammie and pappie speaks Afrikaans at home, you're in ISA now.*"

12. Hierdie insident volg klaarblyklik op die klag wat Olympus teen ISA gelê het.

5 Februarie 2023: 'n sosialiseringsbyeenkoms by Helderberg Manskoshuis

13. As 'n verdere getuienis van intimidasie verklaar die ISA-griefskrywe dat 'n amptelike sosialiseringseleentheid op 5 Februarie geskied het waarby ISA-eerstejaars en eerstejaars van die Helderberg-manskoshuis betrokke was. Op hierdie geleentheid het die ISA primaria 'n inwoner van ISA wat klaarblyklik met 'n ander inwoner in Afrikaans in gesprek omgegaan het gedreig met vernedering voor die Helderberg-mans.

    "*Speak english, or should I address you infront of the men.*"

7 Februarie 2023: 'n "Residence Education"-sessie deur die US aangebied, te ISA Carstans Dameskoshuis

14. 'n Fasiliteerder van die US se *Residence Education*-inisiatief het op 7 Februarie die eerstejaars van ISA toegespreek, taalkwessies onder die loep geneem, en die eerstejaars gemaan om nie Afrikaans te praat nie.

15. Ons is bewus daarvan dat *Residence Education* 'n amptelike US-inisiatief is om studente in alle koshuise bewus te maak van sosio-kulturele kwessies op kampus en in Suid-Afrika, en dat die sessies verpligte verwelkomingsaktiwiteite vir eerstejaars is.

PLIGSVERSUIM VAN MONITORS

16. Alle koshuise, insluitend ISA, word onderwerp aan die US Afdeling: Studentesake se monitorsprogram. Monitors deur die Sentrum vir Studentegemeenskappe ('n kantoor in die Afdeling: Studentesake) aangewys en moniteer deurgaans die verwelkomingspraktyke van US-koshuise, insluitend ISA, om te "verseker dat praktyke inklusief en billik is, en dat dit onder die loep geneem word teen die waardes wat in die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika en dié van die Universiteit Stellenbosch verskans is."

17. Wanneer die nodige ag geslaan word op die gemelde 2022-insidente, het die monitors in die betrokke situasies kennelik misluk om te verseker dat verwelkomingspraktyke billik is. Die teendeel is waar.

GEVOLGTREKKING

18. Die gemelde getuienis van eerstejaarstudente in 2022 lei SP tot die gevolgtrekking dat daar 'n regstreekse verbod op die gebruik van Afrikaans in meerdere leefruimtes by die US afgedwing word, soms deur wyse van intimidasie en boelietaktieke.

19. Teen die agtergrond van soortgelyke vergrype in 2021 verkeer die US in flagrante en volgehoue pligsversuim om inbreukmaking op studente se taalregte- en vryhede te voorkom. Dit wil eerder voorkom of elemente in die US se bestuurstrukture sodanige inbreukmaking bedoeld of onbedoel bevorder.

20. Vir die rekord, dien StudentePlein hiermee namens die gegriefde studente hierin vermeld 'n klagte by alle ontvangsnemers hiervan in.

STUDENTEPLEIN SE VERWAGTINGE

21. Ons kantore antisipeer dat die universiteit onder andere sal wil aanvoer dat:

    - ISA nie 'n US-koshuis is nie, en die US nie verantwoordelikheid kan aanvaar vir insidente daar nie;
    - Die geaffekteerde persone regstreeks klagtes moet lê soos die Taalbeleid bepaal, sodat die probleme aangespreek kan word;
    - Dat die US met die geaffekteerde persone "in gesprek" sal wil tree;
    - Die US verbind is tot meertaligheid, met die US se taalbeleid as bewys daarvan.

22. Bogenoemde uitgangspunte, wat die US tot vervelens toe in die verlede herhaal het toe voorvalle van taaldiskriminasie aan die lig gekom het, is onbevredigend en getuig van 'n ongeërgdheid en benadering wat veel meer op openbare betrekkinge as op studente se welstand ingestel is.

23. Die universiteit is ten beste *de jure* verbind tot meertaligheid. Wat die *de facto* betref, is daar op universiteitswye vlak, insluitende die jaarlikse verwelkomingsprogramme, min tot verbintenis tot meertaligheid nie. Die universiteit behoort oor die insig te beskik dat geaffekteerde studente, hul ouers en die publiek verstandig genoeg is om onderskeid te kan tref tussen die *de jure* en *de facto*, en dat herhalings van die taalbeleid se bepalings niemand paai of enige probleme oplos nie.

24. Die geaffekteerde studente vertrou nie die universiteit en die sogenaamde prosesse wat in plek gestel is om taalkwessies op te los nie. Dit behoort nie te verbaas dat dieselfde studente wat deur koshuisleiers en inwonende hoofde geïntimideer en beledig word omdat hulle durf Afrikaans praat met hul koshuismaats, nie geneë is daartoe om vermoeiende klagteprosesse te volg wat konfrontasie met daardie einste individue as voorvereiste stel nie.

25. Ons kantore bring hiermee die kwessies onder u aandag, u is nou deeglik bewus daarvan en ten volle by magte om die nodige ondersoeke in te stel en daadwerklik op te tree. Die verskoning dat daar nie opgetree kan word alvorens studente hul bekend maak nie, sal eenvoudig nie afdoende wees nie. So ook nie 'n herhaling van die sirkelgesperekke wat US-amptenare graag met gegriefde studente voer met die oënskynlike hoop dat studente gouer eerder as later sal wil aanbeweeg en vergeet van enige ongeregtighede wat plaasgevind het.

26. Wat die ISA-insidente betref sou dit bloot oneerlik en teenintuïtief vir die US wees om afstand te doen van ISA se verwelkomingsprogram- en praktyke. Ons behou die reg voor om verder hierop uit te brei, sou die US in gebreke bly om die gemelde insidente minder ernstig op te neem weens enige moontlike tegniese aspekte van ISA se status.

27. StudentePlein se verwagting is dat die US teen nie later nie as **Vrydag 17 Februarie 2023** aan ons kantore kommunikeer watter spesifieke stappe die US gaan neem om gemelde voorvalle aan te spreek en herhalings daarvan te voorkom, en dat 'n omsendbrief aan alle studente gestuur sal word oor die implementering van die stappe.

28. Ons en die gegriefde studente behou streng die reg voor om, indien die US nie teen bogenoemde sperdatum aan ons versoek voldoen nie, verdere stappe te neem om Afrikaanse studente se regte by die universiteit te beskerm, welke stappe dringende regstappe mag insluit.

Die uwe

Kristan Kraak

Klagtebestuurder: StudentePlein